The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

BEELD 2012/02/22 Page: 8

AVE: R 12762.55

‘Wees billik oor SA se verlede’

AfriForum wil valshede keer

Pauli van Wyk

AfriForum het ’n projek van stapel gestuur vir Suid-Afrikaners wat moeg is vir die regering se “verdraaiing van die geskiedenis” ten einde “politieke wanvoorstellings” vir soetkoek te verkoop.

Mnr. Ernst Roets, uitvoerende adjunkhoof van dié burgerregte-organisasie, het Suid-Afrikaners aangemoedig om Dinsdag ’n sosialemedia-stap tog te ondersteun wat ’n memorandum by die Uniegebou en ambassades van Kuba, Rusland, Angola en die VSA sal oorhandig.

“Die memorandum pleit vir ’n gebalanseerde vertelling van die geskiedenis. Die geskiedenis word verdraai om doelwitte soos grondhervorming en regstellende aksie te regverdig,” het Roets gesê.

Die projek is deur ’n ope brief in Afrikaans in die vorm van ’n YouTube-video aan die president gerig.

Verskeie kunstenaars, onder wie Steve Hofmeyr, Gerhard Steyn en Jakkie Louw, verskyn saam met ander meningsvormers, woordvoerders van burgerlike organisasies, lede van die publiek en voormalige lede van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) in dié emosionele video.

We Were There, die Engelse weergawe van genl. Jannie Geldenhuys, oud-weermaghoof, se boek *Ons was daar*, wat pas verskyn het, sal saam met die memorandum oorhandig word.

Daarin word die storie van veldslae om Cuito Cuanavale by monde van sowat 60 medewerkers vertel. Hulle was almal soldate wat in dié tydperk by operasies rondom Cuito Cuanavale betrokke was, het Geldenhuys gesê.

“Daar was nooit ’n Slag van Cuito Cuanavale nie en is propaganda wat deur die Russe gefabriseer is.”

Pres. Jacob Zuma het onder kritiek deurgeloop nadat hy by die ANC se eeufeesvieringe vertel het die SAW het groot nederlae by die “epiese Slag van Cuito Cuanavale” gely.

Politieke ontleders het gewaarsku dat geskiedkundige gebeure soos Cuito Cuanavale nie misbruik moet word om groepe te verdeel nie.

Volgens prof. André Duvenhage, politieke ontleder aan die Noordwes-Universiteit, is dit belangrik om te besef dat politieke leiers die interpretasie van die geskiedenis gebruik om hul optrede te regverdig.

“Politieke magshebbers voor 1994 redeneer dat militêre oorwinnings die grondslag gelê het vir ’n stabiele oorgang na demokrasie in Namibië en Suid-Afrika. Politieke magshebbers ná 1994 sien dié ‘Slag van Cuito Cuanavale’ as ’n politieke keerpunt en oorwinning aangesien die politieke oorname van Namibië en Suid-Afrika kort daarna gebeur het.”

Duvenhage beskou dié twee uiteenlopende menings as kante van dieselfde munt.

“Die historiese waarheid lê opgesluit in ’n balans tussen die twee perspektiewe.”